

6 April

Skrifgedeelte: Matteus 13:31-33
Fokusgedeelte: Matteus 13:32, 33b

Die krag van die Woord is dalk nie opspraakwekkend nie, wel allesdeurdringend

In hierdie saadgelykenis van God se koninkryk word die allesoortreffende werking juis in die verborge groeikrag van die saad van die Woord verduidelik. Dit begin klein en onaanskoulik – soos die geboorte van Jesus Christus (Luk.2:7) – maar groei uit tot iets wat alles oorweldig (Dan. 2:35).

Die mosterdsaadjie, 'n skynbaar belaglike klein begin van die koninkryk van God in vergelyking met ander wêreldse ryke, beklemtoon die verborge voortgang van die koninkryk – beginnende in die veragte Galilea, maar wat aangroei en oor die hele wêreld sy oorwinning vier. Met die boom waarin die voëls sal nesmaak, na analogie van Daniël 4:21, word die groeikrag van die koninkryk na buite verduidelik, soos die Heilige Gees met heilsame werking die hele aarde vervul.

Die volgende gelykenis gaan met hierdie verborge werking van die koninkryk voort, maar beklemtoon die na-binne-werking daarvan. Die aarde word met die groot, allesdeurdringende krag van die Woord deursuur, soos die meel heeltemal deursuur is en die brood grootliks laat uitrys.

Deur hierdie gelykenisse moet ons besef dat die verborgenheid van die koninkryk nie 'n teken van swakheid is nie, maar die allesoorwinnende krag van die koninkryk word in die eindresultaat openbaar. Die saaier glo in die oes en met daardie vertrouë strooi hy sy saad uit; en die bakker, met die resultaat voor oë, deurknie die meel met die suurdeeg. So moet ons met geloof die Heilige Gees se werkinge nie in opspraakwekkende dinge verwag nie, maar in vertrouë ons rig op die allesoorweldigende en heerlike einde.

Leef in die sekerheid dat die koninkryk van God na buite en na binne met dié verborge, maar deurdringende krag in hierdie wêreld aan die werk is.

Sing: Psalm 103:9, 11 (1936)

Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)